Theewaterskloof Municipality

BOTRIVIER
MUNICIPAL NEWSLETTER
MUNISIPALE NUUSBRIEF

March/Maart 2010 Issue 10/ Uitgawe 10

Tania Rossouw,
Dorpsbestuurder

Empowering projects our passion

We are well into the new year and left January behind with the knowledge that the beginning-of-the-year-frenzy will have to last the entire year.

Recently we implemented the Service Level Agreement system in Botrivier and the community support was encouraging. Several people made valuable inputs and comments.

This office intends to build on the excellent levels of public participation in municipal processes.

Botrivier het ’n eie nuusbrief versoek. Weens die meriete van die versoek hou u nou die eerste nuusbrief vir die dorp in u hande. Insette kan skriftelik by die kantoor ingedien of per e-pos aan tania@twk.org.za gerig word.

Vordering word met projekte gemaak en nuwes sal eersdaags die lig sien.

Met die projekte poog ons om aan u toegang tot ’n beter lewe te verleen.

Indien u klagtes wil indien of voorstelle wil maak, kan u die kantoor kontak by die nommers wat elders vermeld word of vir my ’n e-pos stuur by tania@twk.org.za.

Vriendelike groete,

Tania Rossouw

NUWE DORPSKANTOOR BYNA VOLTOOI ... Die dorp se ou kliniekgebou word tans opgradeer en indien werke volgens plan verloop sal die nuwe volwaardige dorpskantoor op 1 April 2010 open. Publiek wat die munisipaliteit se dorpskantoor vanaf April wil besoek kan dus gerus na die nuwe kantoor kom. Gerugte doen die rondte dat die poskantoor gaan sluit. Dit is nie die geval nie en die posdienste sal hul take in Botrivier se dorpskantoor voortsit.

SLA-process kicks off in Botrivier

The process to determine Service Level Agreements (SLA), was introduced to Botrivier at a public meeting at Kromco on 20 January 2010.

Future meetings will focus on service level agreements regarding streets, storm water and sewerage, sport, tourism and municipal by-laws.

The SLA’s will be published for public comments and will be placed at local municipal offices for public perusal and inputs.

The primary goal of the SLA methodology is to synchronise actions of the municipality with the expectations of the public and for the two role players to jointly identify the critical services needs of communities.

Subsequently the public will be realistic about their needs, whilst the municipality will react to critical community needs.

Doen nóú aansoek vir deernissubsidies

Alle huishoudings wat vir deernissubsidies kwalifiseer, word versoek om hul dorpskantoor te besoek en daarvoor aansoek te doen.

Huishoudings wat minder verdien as twee maal die staatspensioen/toelae van R2020, kan vir die subsidie aansoek doen. Met die subsidie sal sekere hoeveelhede dienste, soos water en elektrisiteit, gratis gelewer word.

Moenie u en u huishouding onnodig laat swaarkry nie, doen nou aansoek vir deernissubsidies.

Apply for indigent subsidies today

All households who qualify for indigent subsidies are requested to apply for this important form of relief.

Households in Caledon with a monthly income of less than 2 times the state pension (R2020), are welcome to apply for an indigent subsidy to obtain basic levels of services, including water and electricity.

Such households must apply for the subsidy at the town office in Botrivier.

Do not let your family suffer in silence; apply for indigent subsidy

Projekte wat Botrivier se voorkoms sal verbeter

Fondse vir die verfraaiing van Botrivier sal vir projekte aangewend word wat 'n onmiddellike bydrae sal lewer om die visuele voorkoms van Botrivier te verbeter. Die doel hiervan is om 'n mooier dorp vir die inwoners en 'n genotvolle plek vir toeriste te skep. Projekplanne is deur die dorpsadministrasie geïdentifiseer en deur die Direkteur Operasies goedgekeur. Die planne sluit in:

- Die plavei van die sypaadjie by Plantasiestraat wat vantevore 'n grondpaadjie was en voortaan as 'n wandelpad sal dien;
- Die aanplant van bome langs die wandelpad is reeds voltooi;
- Die wal aan die linkerkant van die pad wat vanaf die hoek van Garage- tot Hoofweg tot by die kruising van Spoorlyn strek sal met terras-blokke en grond gestabiliseer word, terwyl struike, bome en plante ook aangeplant sal word.
- Die wal by Eerste Laan, aan die bokant van die treinspoor, sal eersdaags gestabiliseer word. Die wal sal verfraai word om beter te vertoon.
- 'n Ooreenkoms is reeds met kontrakteurs geteken om Hoofweg tot by die treinspoor op te gradeer.
- Opgraderings aan die onderkant van die treinspoor, vanaf Garage- tot Hoofweg sal later gedoen word, omdat die kontrakteurs ook aan die sykante en skouers van die pad gaan werk. Die verfraaiing sal wel plaasvind as die pad voltooi is.

'Red Ants' breek onwettige strukture af

Die 'Red Ants' het op 27 Januarie weer onwettige strukture in die New France informele nedersetting in Botrivier afgebreek.

As gevolg van 'n ooreenkoms met die publiek, word plakkerbeheer streng toegepas. Die dorpskantoor skakel gereeld met die verkose gemeenskapskomitee wat die munisipaliteit moet help om die oprigting van onwettige strukture te verhoed.

Die dorpskantoor bedank die gemeenskap en komitee vir die goeie verhoudinge en samewerking wat in dié verband ontstaan het.

Contact Details

Office adress
P.O. Box 200
Fontein Street
Botrivier, 7185
Tel: 028 284 9538
Fax: 028 284 9159
e-mail:
twkmun@twk.org.za
Town Manager: taniaro@twk.org.za
Emergency Numbers:
FIRE Brigade: 10177
Police: 028 284 9351
Tourist Assistance:
Tel 028 2143300 X 3429
lizettekok@twk.org.za

Hoofweg word opgradeer

Botrivier se hoofweg gaan vanaf die Spoorkruising tot by die rioolwerke opgradeer word. Dié projek word deur die Direktoraat: Tegniese Dienste van Theewaterskloof Munisipaliteit bedryf en 'n ooreenkoms is reeds op 19 Januarie 2010 met die kontrakteur geteken. Die projek sal 20 weke duur en sal in Junie 2010 voltooi word.

Verwydering van sand is onwettig

Die verwydering van sand by die erwe op die hoeke van Kiaat- en Plantasiestraat is onwettig, omdat die eiendomme aan die munisipaliteit behoort.

Dit is dus munisipale sand wat wede-regtelik verwyder word. Die munisipaliteit doen 'n beroep op inwoners om nie sand van die erwe te verwyder nie en versoek die publiek om die oortreders by die owerheid of polisie te verkla.

Opleiding vir nuwe huiseienaars

Opleiding ten opsigte van "Housing Consumer Education" het op 15 Februarie 2010 vir inwoners in Botrivier plaasgevind.

Die opleiding is op nuwe huiseienaars van lae-koste-behuising gerig en is deur munisipale amptenare aangebied.

Soortgelyke opleiding sal in die toekoms aangebied word en alle huiseienaars wat daarby kan baat, word versoek om dit by te woon.

Stormwaterkanaal opgegradeer

Daar sal binnekort begin word om die storm-waterstelsel in Fonteinstraat op te gradeer. Die hele stelsel tussen die hoek van Fontein- en Heidestraat sal opgegradeer word.